KOERS-STYLGIDS

Aard van artikels wat aan *Koers* voorgelê word

Met betrekking tot die aanbieding van artikels wat aan *Koers* voorgelê word, moet daar in gedagte gehou word dat die redaksie van *Koers* ‘n sekere soort artikel in terme van die invalshoek, vertrekpunte, aanbiedingswyse, gevolgtrekkings, ensovoorts verkies.

- **Tipiese *Koers*-artikels het ‘n geïntegreerde prinsipiële/lewensbeskoulike begronding en is hoofsaaklik besinnend van aard. Die artikels behoort dus nie net die aanbieding van feitelike of empiriese navorsing te wees nie, maar moet in ‘n wyer (filosofies-) besinnende raamwerk ingebed wees.**
- ‘n Prinsipiële/lewensbeskoulike besinning impliseer ‘n kritiese be-oordeling van gestelde standpunte. Die outeur se eie vertrekpunte en uiteindelike standpuntinname behoort duidelik uit onder andere hul gevolgtrekkings of invalshoek te blyk.
- Relevante en onderliggende (vak-)filosofiese, etiese of morele kwessies wat met die onderwerp van die artikel verband hou, kan dus in die argumentasielyn geïntegreer word.
- Die subtitel van *Koers* is *Bulletin vir Christelike wetenskap*. *Koers* se grondslag is Christelik, maar ruimte word vir gemotiveerde meningsverskil en bespreking gelaat. Outeurs behoort dus met ‘n Christelike perspektief op die relevante kwessies in gesprek te tree, hoewel dit nie beteken dat die outeur daarmee hoef saam te stem nie.
- *Koers* is ‘n geakkrediteerde, interdissiplinêre tydskrif wat navorsingsartikels uit alle vakgebiede publiseer. Artikels moet dus vakgerig wees, maar dit moet ook toeganklik vir ‘n wyer teikengroep wees, dit wil sê ‘n leserspubliek wat nie noodwendig op die hoogte met die spesifieke vakjargon en tendense binne ‘n spesifieke vakdissipline is nie. Artikels moet egter steeds aan wetenskaplike gehalte en die standaard vir navorsingsartikels voldoen wat in ‘n geakkrediteerde tydskrif gepubliseer word.

1. **Ooreenkoms met skrywers**: **Alleenreg op publikasie**: Die voorlegging van ‘n artikel aan *Koers* impliseer dat *Koers* alleenreg op die publikasie van die artikel in gedrukte media sowel as elektroniese en ander media het. Alle artikels wat in hierdie tydskrif verskyn, is oopbronsagteware en word onder die “Creative Commons Attribution”-lisensie gepubliseer.

2. **Aard van bydraes**: *Koers* is ‘n interdissiplinêre blad; daarom word artikels uit alle vakgebiede verwelkom. **Artikels moet egter ‘n prinsipiële begronding of standpuntinname bevat** (wat nie noodwendig dié van die redaksie hoef te wees nie).

3. **Keuring**: Alle voorleggings sal deur minstens twee keurders beoordeel word. Keuring word in algehele vertroulikheid gedoen, en die identiteit van die skrywer en keurders word nie bekend gemaak nie. Outeurs moet hulself **nie in artikels identifiseer** deur onder andere hul voorletters, van of hul universiteit in voetnote of gedeeltes tussen hakies te gebruik nie.

4. Formele vereistes

- **Taalmedium**: Manuskripte kan in Afrikaans, Engels of Nederlands voorgelê word.
- **Die manuskrip** moet in ‘n A4-formaat met dubbelspasiëring en ruim kantlynspasies wees. Die manuskrip moet taalversorg wees.
- **‘n Rekenaarweergawe** van die artikel word by voorlegging verlang. Dien die elektroniese weergawe van die artikel by www.koersjournal.org.za in (verkieslik as ‘n Word-dokument). Neem kennis: Voor ‘n manuskrip ingedien kan word, moet jy as outeur op die webtuiste geregistreer wees.
- Die volgende besonderhede moet op die titelblad verskyn: die skrywer se titel, voorletters en van, en persoonlike e-posadres en affiliasie. Affiliasies moet die eenheid, departement of skool insluit waarin die skrywer werk, sowel as die organisasie, die stad en land van elke skrywer (bv. Prof Johan Smit, ORCID-skakel, Departement Geskiedenis, Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad, Suid-Afrika). 'n Selfoonnommer (slegs vir dringende sake) moet ook verskaf word.
- Waar ‘n artikel **meer as een outeur** het, verskaf asb aan die einde van die artikel ‘n kort paragraaf wat elke outeur se bydrae tot die artikel uiteensit.
- **Lengte**: Vyftien (15) gedrukte bladsye (± 6 100 woorde) word as algemene riglyn gestel.
- **Stylfasette**
    - Die **titel** moet so kort en bondig as moontlik wees. **Genommerde opskrifte en subopskrifte** moet met Arabiese syfers met punte genommer word. So word 3. byvoorbeeld deur 3.1, 3.1.1 en 3.1.1.1 (tot hoogstens die vierde vlak) gevolg.
    - Titels van werke: Die hoofwoorde van titels (selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde en hoofwerkwoorde) word met kleinletters geskryf, behalwe as een van hierdie woorde ‘n eienaam is.

      Indien die titel ‘n subtitel het, word die subtitel deur ‘n dubbelpunt voorafgegaan. Die eerste woord van die subtitel word met ‘n hoofletter geskryf.

        - Voorbeeld: Carstens, W.A.M. 2018. Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 6de uitg. Pretoria: Van Schaik.
    - Verskaf asseblief toepaslike Afrikaanse en Engelse kernbegrippe in alfabetiese volgorde vir die artikel. Kernbegrippe moet met ‘n kommapunt van mekaar geskei word. Daar moet geen punt aan die einde wees nie.
    - Artikels moet verkieslik in **subparagrawe** met **gepaste genommerde opskrifte** verdeel word.
    - Afkortings en akronieme in die normale teks is nie aanvaarbaar nie. Akronieme wat algemeen gebruik word, byvoorbeeld die

VSA, is egter aanvaarbaar.

- Wanneer ‘n woord of frase gebruik word om na homself te verwys, word dit in aanhalingstekens geplaas, bv.

  - Om “metafoor” te definieer, is nie so maklik nie. (Teenoor, byvoorbeeld: ‘n Metafoor is ‘n vorm van beeldspraak wat ...)
  - In die teks verkry die begrip “nedersetting” ...

- Kursivering word gebruik om beklemtoning aan te dui of om aan te toon dat ‘n woord of uitdrukking uit ‘n ander taal gebruik is, bv.:

  - In hierdie artikel word daar op die rol van die *eerstepersoonsverteller* in Elsa Joubert se roman gefokus.
  - Byvoeglike naamwoorde (*adjectives*) kan attributief of predikatief gebruik word.

- Punte word nie in die volgende gevalle gebruik nie:

  - by titels, soos mnr, mev, prof, ens.
  - by kwalifikasies, soos MA, BEd, MEd, ens.

- Gebruik dubbelaanhalingstekens (enkelaanhalingstekens moet slegs vir aanhalings binne aanhalings gebruik word).

- Aanhalings van 40 woorde en langer mag ingekeep en “geblok” word. By ingekeepte aanhalings word aanhalingstekens nie gebruik nie. Dieselfde beginsel geld by deelnemers/respondente se aanhalings (indien van toepassing) wat gebruik word.

- Getalle van een tot nege word uitgeskryf, behalwe in die volgende gevalle:

  - aan die begin van ‘n sin, bv.: Vyftien leerders het Wiskunde gedruip.
  - bladsynommers, v. bladsy 2
  - nommers van hoofstukke en afdelings van ‘n boek, bv. afdeling 3.2 van hoofstuk 3
  - wet- en artikelnommers, bv. artikel 3(4) van die Wet op Testamente (wet 7 van 1953)

- Hoof- en kleinletters

  - Die benaming van geestes-, kunsrigtings en denkstelsels word met ‘n kleinletter geskryf, soos eksistensialisme, kapitalisme, marxisme, ens.
  - Die benamings van godsdienste word met hoofletters geskryf, soos die Christendom, Boeddhisme, ens. (Let wel: Dit geld ook vir eiename wat van hierdie leerstellings afgelei is, soos Christen en Boeddhis.)

- **Grafiese voorstellings, sketse, diagramme en tabelle** kan in enige rekenaarpakket voorberei wees, maar dit moet in ‘n **JPEG**-formaat gestoor wees.

  - Grafiese voorstellings, sketse, ensovoorts moet in die finale dokument geïntegreer wees.

- Die grafiese lêers moet ook apart elektronies ingedien word. Die lêernaam moet duidelik aangetoon word.
- Die lettertipe wat in die grafika gebruik word, moet by die lettertipe wat *Koers* gebruik (Arial) aanpas – verkieslik ‘n grootte van 12 punte.

- **Nadat die keuringsproses afgehandel is** en die outeur die kommentaar verwerk het, stuur asseblief ‘n rekenaarkopie van die hersiene artikel **en die outeur se begeleidende brief**.

5. **Opsomming**: Alle artikels moet van ‘n geredigeerde opsomming (‘n *abstract* in Engels) van ongeveer 200 woorde voorsien word. Voeg asb. die **Afrikaanse weergawe** van die Opsomming direk ná die Engelse *Abstract* in. Dui asb. die **Afrikaanse titel** van die studie (vir die Opsomming) en die **Engelse titel** (vir die *Abstract*) aan.

6. **Kernbegrippe**: Voeg drie tot vier kernbegrippe / baie kort frases in waaronder die artikel geïndekseer kan word. Die Engelse vertalings hiervan moet ook onder *key concepts* gegee word.

7. **Bladgeld**: Wanneer ‘n navorsingsartikel voorgelê word, onderneem outeurs wat aan tersiêre inrigtings in Suid-Afrika verbonde is om, indien die artikel vir publikasie aanvaar word, die voorgeskrewe bladgeldtarief (2024: R780 per bladsy vir ‘n PDF van 590 woorde/bladsy) te betaal. Outeurs kan egter gewoonlik die bladgeld van die navorsingskomitee van hul instelling verhaal. Bladgeld is onderhewig aan ‘n jaarlikse verhoging. Neem kennis dat dit gratis is om ‘n artikel in te dien. Bladgeld is slegs van toepassing sodra die artikel gepubliseer word.

Koers publiseer ‘n gemiddeld van sewe bladsye per artikel.

8. **Mede-outeurskap**: By artikels wat uit verhandelings of proefskrifte voortspruit, moet die skrywer oorleg met die studieleier/promotor pleeg.

9. **Proefdruk**: ‘n Proefdruk word vooraf aan die artikelskrywer gestuur om te proeflees. Neem kennis dat die wagtyd tussen voorlegging en plasing tipies drie tot nege maande is. Die proefdruk word normaalweg elektronies gestuur. ‘n Lys van nodige veranderinge – met bladsy-, paragraaf- en reëlnommers – moet per e-pos aan *Koers* gestuur word.

10. **Verwysingsmetode**: Die **verkorte Harvard-verwysingsmetode** moet gebruik word. Verwysings in die teks word soos volg aangebring: Anderson (1982:305) of (Anderson, 1982:305). By die verwysing na werke van Klassieke en Middeleeuse outeurs word die naam van die outeur, die Latynse/Griekse titel van die werk (kursief) en die boek, hoofstuk, paragraaf of reëlverwysing (in Arabiese syfers met punte tussenin) vermeld, byvoorbeeld:

Vergilius (*Aeneïs* 12.601); of
Cicero (*De Officiis* 1.13.2).

11. **Voetnote: Die gebruik van voetnote moet sover moontlik beperk word**. As dit egter noodsaaklik is om van voetnote gebruik te maak, dui die voetnootnommer op die tersaaklike bladsy in die teks aan en verstrek ook die volledige teks van die voetnote onderaan die betrokke bladsye.

Verwysings na bronne wat in ‘n voetnoot gegee moet word, word net soos in die hoofteks gedoen. **Geen voetnoot moet egter uitsluitlik vir bibliografiese**

besonderhede gebruik word nie.

12. Geraadpleegde bronne

Bibliografiese besonderhede word in die lys van geraadpleegde bronne en nie deur middel van voetnote verskaf nie. Slegs werke waarna in die artikel self verwys word, moet in die lys van geraadpleegde bronne opgeneem en alfabeties gerangskik word.

Let asb. daarop dat *Koers* die gebruik van die Harvard-verwysingstyl verkies. Raadpleeg asb. die onderstaande voorskrifte hieroor in hierdie verband.

Gebruik asseblief die outeur se van en **voorletter(s)/voornaam** in die vorm wat dit op die boek se titelbladsy of in die tydskrifartikel aangedui is.

Titels
Selfstandige naamwoorde word nie met hoofletters geskryf nie, behalwe in die geval van eiename.

Boeke

Fourie, H.W. 1982. Stylfigure. Pretoria: Van Schaik.

Alfau, F. 1988. Locos: A comedy of gestures. London: Viking.

In alle bibliografiese inskrywings moet die plek van uitgawe en die uitgewer van ‘n publikasie vermeld word. **Titels is nie kursief nie.**

Tydskrifte

Du Plessis, W. 1982. Die regsetiese implikasies van buite-egtelikheid. *Koers*, 50(3):218-223.

Titels van tydskrifte word gekursiveer. Let asb. op die volgende: Geen aanhalingstekens moet gebruik word nie. **Tersaaklike bladsynommers** moet verstrek word.

Verhandeling/Proefskrif

De Wet, M. 2002. Die voedingswaarde van geprosesseerde kos. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - MSc)

Hoofstuk in ‘n versamelwerk

Massimo, J.L. 1970. Psychology and the gymnast. (*In* George, G., *ed*. *The magic of gymnastics*. Santa Monica: Sundby Publications. pp. 31-33.)

By bydraes in versamelbundels moet die **tersaaklike bladsynommers** vermeld word.

Internetgebruik

Nunes, J. 1997. Hypermedia as a learning tool. http://www.shef.ac.uk/~is/lecturer/ircont.html Date of access: 14 Oct. 2015.

Kannemeyer, J.C. 2005. Bestekopname van die Afrikaanse poësie. http://www.litnet.co.za/seminaar/konrij.asp Datum van gebruik: 7 Okt. 2013.

Koerantberigte

- In aanhalings uit **koerantberigte** waar die outeur onbekend is, is die inskrywing onder Anon.

  Voorbeeld van skryfwyse **in die teks** van die artikel:

  Onlangs is met verontwaardiging gestel dat “net die opspraakwekkendste gegewens in ‘n roman die koerant haal” (Anon., 2005:11).

  In die bronnelys

  Anon. 2005. Kritici peper die media. *Beeld*: 11, 17 Feb.

- Koerantberigte waar die skrywer wel genoem word:

  Voorbeeld van skryfwyse **in die teks** van die artikel

  > ‘n Briefskrywer het byvoorbeeld genoem dat ouers toenemend betrokke by hul kinders se onderrig behoort te raak (De Klerk, 2005:9).

  In die bronnelys

  De Klerk, S. 2005. Ouers – dis julle taak! *Beeld*: 9, 23 Feb.

Let asb. op die volgende: Hoewel *Koers* die gebruik van die Harvard-styl verkies, laat *Koers* wel die gebruik van die APA-verwysingstyl en die verwysingstyl vir Regte toe. Klik op die volgende skakel waar voorskrifte vir die twee genoemde verwysingstyle beskikbaar is: chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://library.nwu.ac.za/sites/library.nwu.ac.za/files/files/documents/verwysingsgids-2020b.pdf.

13. **Bladuitleg**: Die titel van die artikel en afdelingsopskrifte: Die hoofwoorde moenie in hoofletters wees nie, behalwe in die geval van eiename in die titel en afdelingsopskrifte.

14. **Menings**: Menings wat in die artikels uitgespreek word, is telkens dié van die betrokke outeur en word nie noodwendig deur die redaksie of die *Koers*-vereniging van Suid-Afrika onderskryf nie.

15. **Bydraes, korrespondensie en intekengeld**

Alle *Koers*-artikels is gratis op die webblad www.koersjournal.co.za beskikbaar. Aan die einde van ‘n publikasiejaar ontvang al die intekenaars in hardekopie al die artikels wat gedurende die jaar verskyn het. Navrae oor intekengelde, los eksemplare en bydraes kan aan die redakteur gerig word:

Koers
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte
Posbus 19124
Noordbrug
2522

E-posadres: support@koers.co.za